

## 4 Maart

### In siekte en sonde genees die Here jou deur gebed

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20**  
**Fokusgedeelte: Jakobus 5:14-16**

Almal van ons wat in Christus glo, het sekerlik die behoefte om daaglik tot God te bid vir genesing in tyd van siekte, en altyd maar vir vergewing van ons sondes. Ons moet nie net in tye van siekte bid nie, maar elke dag. Al voel ons gesond, dan dank ons Hom daarvoor en vra vir die genadige voortduur daarvan.

Die beelde in vers 14 van die ouderlinge en gemeente beteken vandag dat ons as medegelowiges, wat die gemeenskap van die gelowiges uitoefen, vir mekaar sal bid. Die beeld van die olie was in daardie tyd simbole van genesing en geestelike reiniging. Wat hier bedoel word vir vandag, is dat mens veral in tye van siekte bid vanuit jou verhouding met God. Die “gelowig bid” van vers 15 gee ’n gewisse wete dat Hy jou hoor en ’n vaste vertrouwe dat Hy vanuit sy liefde jou kan en wil genees. Dit is egter Hy en nie die geloof wat jou genees nie. Daarom vra ons altyd na sy liefdeswil vir ons. In die gebed vra jy dan die Here om die dokters en die medisyne, die “olie” van vandag, aan te wend om jou te genees.

Onlosmaaklik deel van die gebed is dat ons die Here vra om ons eie asook mekaar se sondes te vergewe. Die woorde “gesond word” in vers 16 beteken dat Hy nie net jou liggaam genees nie, maar jou ook geestelik genees deur jou sonde te vergeef (vergeet). Sulke gebede het soveel krag dat menigtes daardeur genees kan word.

*Skrifberyming 49 (20-1):1, 2, 4*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*